

VOM

THE VOICE OF THE MARTYRS
DIE STEM VAN DIE MARTELARE

Oktober 2023

AGT URE
IN AFWAGTING OP DIE DOOD

MAAK DIE WERK KLAAR

IN DIE SIRKEL VAN STILTE

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3









Mexiko se Onvertelde Verhaal van Christenvervolging

Die vervolging van Christene in landelike Mexiko is ernstig, wydverspreid en aanhoudend. Plattelandse Mexikaanse Christene trotseer hewige teenstand van verskeie bronne en hulle verhale bly grootliks onvertel – nie net onder Christene in ander nasies nie, maar ook onder die meeste Mexikaanse Christene, wat geskok is om uit te vind dat ander volgelinge van Christus in hulle nasie onder geweld ly en uit hul huise verdryf word.

Mexico City is een van die wêreld se grootste en mees welvarende stede en baie dele van Mexiko is pragtig, stabiel en vry. Aangesien hierdie dele van Mexiko deur die meeste Mexikaanse onderdane en byna alle buitestanders aandag geniet, is die verhale van landelike Christene onbekend. Die isolasie van ons Christenfamilielede word deur die vyand gebruik om te ontmoedig, maar die verhaal van hulle getuienisse en gevolglike gebed en gemeenskap is ons geestelike wapens daarteen. Die vervolgers, en uiteindelik ons geestelike vyand, werk om te verhoed dat die groter liggaam van Christus van hul goddelose dade weet. Ons moet waaksaam wees teen Satan se plan om skeiding te maak, te isoleer en die kerk te vernietig (2 Korinthiërs 2:11).

Marxisme – ateïstiese kommunistiese ideologie – bly steeds een bron van vervolging in Mexiko. Baie is verbaas om te hoor dat hierdie ideologie vandag, dekades na die val van die Sowjetunie, steeds in Sentraal- en Suid-Amerika toeneem. Maar selfs diegene wat bewus is van kommunisme se groei in plekke soos Venezuela en Bolivia, weet selde dat Marxistiese groepe in dele van suidelike Mexiko semi-selfregerend is en dat hulle Christene erg vervolg.

Georganiseerde misdaadgroepe, waarna dikwels as kartelle verwys word, vervolg ook Christene. Hulle staan die Christelike geloof teen omdat 'n Bybelse stand vir geregtigheid hul onwettige aktiwiteite soos dwelms, mensehandel, omkopery en moord, sterk veroordeel. Die boodskap van getroue pastors, sowel as die van godvresende ouers en onderwysers, ding mee met beide die misdadigers op straat en hul hooggeplaaste base binne die kartelle. Diegene wat standpunt inneem vir godsaligheid, geregtigheid en waarheid, betaal dikwels 'n prys in baie dele van Mexiko, insluitend gebiede langs die Amerikaanse grens.

'n Derde bron van vervolging wat wydverspreid is regoor landelike Mexiko, is die gebruik van die wet en gemeenskaplike geweld om tradisionele heidense oortuigings te verskans as die middelpunt van landelike gemeenskappe. Landelike Mexiko beoefen heidendom en Rooms-Katolisisme. Die probleem is nie dat mense vry is om te glo wat hulle wil nie, heidens of anders, maar dat godsdienstige en regeringsleiers in hierdie gemeenskappe die wette misbruik en intimidasie en geweld gebruik om mededingende oortuigings uit te skakel. Die lig van die Evangelie is 'n kragtige mededinger vir die duisternis van die tradisionele godsdienste se losbandigheid en afgodery.

Kom ons werk daaraan om te verseker dat ons sielevyand nie in staat sal wees om ons Christenbroers en -susters te isoleer nie. Mag hulle nie meer in stilte swaarkry of alleen bedien nie!

Op die voorblad: Frontlinie-Werkers in dele van Mexiko loop die risiko van vervolging deur gewapende guerrillagroepe en sinkretistiese Christo-heidense dorpsleiers terwyl hulle die Evangelie bevorder onder inheemse bevolkingsgroepe in Mexiko.





MAAK DIE WERK **KLAAR**

Nadat Ruth en haar familie deur gemaskerde gewapende mans in suidelike Mexiko ontvoer is, het hul toewyding om God se koninkryk te bevorder net verskerp.



Ruth het in ‘n sonverligte kamer van haar huis in die suide van Mexiko gesit en gereeld geglimlag terwyl sy stories van haar jeug deel, ‘n tyd toe sy onbewus was van hoe gevaarlik haar gesin se bedieningswerk in die streek was.

Baie van haar mees gekoesterde kinderjare herinneringe is van reise saam met haar pa, diep in die berge en oerwoude om die Evangelie te verkondig. Daardie vormingsjare het haar later as volwassene in Frontlinie-bediening geloods.

Toe Ruth so jonk as 8 jaar oud was, het sy en haar pa meerdag reise geneem na dorpe wat animisme of Christo-heidendom beoefen het, ‘n mengsel van antieke heidense gebruike en Rooms-Katolisisme wat algemeen is in dele van Mexiko en ander gebiede van die wêreld. “Ek moes my gedra sodat my ma my toestemming kon gee om saam met my pa te gaan,” het Ruth, nou 47, gesê. “My Ma het geweet dit is gevaarlik.”

Terwyl haar pa die grootmense ontmoet en gebid het, het Ruth by die kinders gesit en hulle geleer wat sy by die Sondagskool geleer het. Sy het dikwels vir die kinders handgemaakte geskenke gebring en hulle uit Sondagskoollesmateriaal, wat sy self voorberei het, geleer.

Tydens hierdie onvergeetlike reise saam met haar pa, het Ruth gesien hoe siek mense genees word en baie mense hul geloof in Jesus Christus plaas. “Ek het gesien dat mense sou verander,” het sy met ‘n glimlag gesê, “en ek het daarvan gehou.”

Sy het gesê haar pa was altyd vreugdevol wanneer hy Bybels aan nuwe Gelowiges gegee het. Hy het dit self gekoop met geld wat hy verdien het deur televisies en radio’s in sy vrye tyd te herstel. Hy het dikwels in elke rigting vir twee dae gereis om Bybels in die stad te gaan koop. Ruth het gesê hulle moes eenkeer heen en weer reis om net twee Bybels te koop vir ‘n dorp waar niemand een besit het nie.

Ruth onthou nog dat sy diep bewoë was om te sien hoe hard haar pa gewerk het om Gelowiges van hul eie kopie van God se Woord te voorsien. “Ek sou sê: ‘Pa, eendag gaan ons baie Bybels hê; ek gaan hard werk,’” het sy herroep. Ruth het gesê haar pa het haar verseker dat die Bybels mense se lewens sou verander.

Grootword in Bediening

Ruth het regdeur haar kinderjare saam



met haar pa gewerk terwyl hy oor dosyne kerke in die suide van Mexiko toesig gehou het. Kort voor lank het sy, selfs as kind, ‘n bedieningsleier geword.

Op die ouderdom van 10, met die seën van haar kerk se diakens, is sy toegelaat om op ‘n proefbasis ‘n Sondagskoolklas te lei. Toe die klas van 10 kinders in net drie maande gegroei het tot 70 kinders, het sy die Sondagskooldirekteur vir verskeie kerke geword, ‘n pos wat sy vir die volgende 10 jaar beklee het.

Namate sy volwasse geword het en meer tyd spandeer het om saam met haar pa aan volwasse Gelowiges te bedien, het Ruth persoonlike verslae van vervolging begin hoor. Na die *Zapatista Army of National Liberation*, of EZLN, in kleinskaalse bakleiery in die middel-1990’s betrokke was met die Mexikaanse weermag en polisie, het geweld meer algemeen geword.

Die EZLN, ‘n guerrillagroep wat slegs gedeeltelik deur Marxistiese ideologie beïnvloed word, het soms Christene vervolg omdat die Evangelie in stryd was met hulle politieke agenda. “Na die Zapatista-opstand begin het, is almal aangesê om elke Christen in die gebied te elimineer,” het Ruth, wat teen daardie tyd ongeveer 20 jaar oud was, gesê.

Sy onthou verskeie verhale van geweld uit daardie tydperk, insluitend die keer toe ‘n Christen se arm met ‘n kapmes afgesny is omdat hy gepreek het, en ‘n ander tyd toe ‘n Gelowige se huis afgebrand is. Sy het gesê sy onthou verskeie gevalle van guerrillas wat hope Bybels verbrand.

Toe, soos nou, moet Christene wat hul familie se godsdiens verlaat om Christus te volg, ‘n duur prys vir hul besluit betaal. Christenbekeerlinge word steeds vandag gereeld uit hul gesinne geskop, deur hul gemeenskappe vermy of selfs aangeval.

In 2004 het Ruth geleer dat Christene vir die Evangelie ly, nie net in haar streek nie, maar regoor die wêreld. ‘n Vrou wat Ruth in Mexiko besoek het, het vir haar ‘n kopie van die nuusbrief, Die Stem van die Martelare, gegee.

Alhoewel die nuusbrief in Engels was, het dit Ruth gehelp om SVM se missie te verstaan om vervolgde Christene te bedien. Terwyl sy deur die nuusbrief se bladsye geblaai het, het sy ‘n foto gesien van mans wat bokse Bybels dra wat in gebiede versprei moet word waar Bybels nie beskikbaar was nie. Sy het dadelik ‘n e-pos gestuur na die adres op die agterkant van die nuusbrief, met die hoop om in kontak te kom met iemand by SVM.

‘n Ruk later het ‘n SVM-werker Ruth in Mexiko besoek en gehelp om haar toe te rus om voort te gaan met haar werk om God se koninkryk te bevorder. SVM het ook later vir Ruth 300 Bybels gestuur om onder pastors te versprei wat in gebiede werk waar Christene beduidende vervolging trotseer het.

Ruth het haar pa saamgeneem om die Bybels by die poskantoor te gaan haal. Dankbaar vir die onverwagte geskenk het hulle gebid en God geprys vir die seën van sy Woord. “Ek het gehuil,” het Ruth gesê. “Dit was ‘n antwoord op gebed, want vir ons was dit onmoontlik om soveel Bybels te koop.”

‘n Nuwe Bedieningsvennoot

Ruth het in 2009 ‘n man met die naam Aurelio ontmoet wat onlangs sy vrou verloor het en hul kinders alleen groot gemaak het. Soos Ruth, het hy ‘n passie vir evangelisasie gehad. Ruth en Aurelio het in 2013 getrou en die egpaar het gou begin om saam kerke te plant.

Soos hulle en ander kerkplanters nuwe dorpies in die suide van Mexiko binnegegaan het, het hulle dikwels teenstand trotseer. Mexiko se grondwet waarborg godsdiensvryheid, maar dit laat ook inheemse gemeenskappe toe om ‘n mate van selfbestuur toe te pas om hul eie “gebruike en gewoontes” te beoefen. Sommige dorpsleiers het onder gesag van hierdie wet slegs hul dorpies se tradisionele godsdiens toegelaat.

Plaaslike priesters het soms hul gemeentes aangespoor om enigiemand te vervolg wat probeer om ‘n ander kerk te stig. Die kerkplanters is dan deur die gemeenskap verdryf: hul elektrisiteit en water is afgesny, hulle kinders was nie toegelaat om plaaslike skole by te woon



▲ Ruth geniet dit om God se Woord vir kinders te leer, van wie baie dan hul families na Christus lei.

nie en hul families is mediese sorg by die dorpskliniek geweier.

"Daar is nie een kerk wat nie daardeur gaan nie," het Aurelio gesê. "Enige plek waar jy gaan, sal jy teenstand trotseer."

Aurelio het ook dreigoproepe ontvang. Hy het gesê dat hy vir die oproepers gesê het: "Julle sal nooit goed voel as julle ons doodmaak nie omdat ons niks verkeerd gedoen het nie. Ons is pastors. Ons help mense."

Vroeg in 2015 het Ruth en Aurelio met 'n groot groep hawelose mense begin werk wat uit hul klein dorpie geskors is omdat hulle geweier het om saam met die Zapatistas te werk. Eers het Ruth en Aurelio op bediening aan jong vroue gefokus wat die risiko van seksuele mishandeling trotseer. Maar hulle werk het gou uitgebrei na die verskaffing van maaltye, Bybels en werksopleiding aan soveel mense as moontlik.

Ruth en Aurelio kon die mense help om 'n klein stukkie grond te koop en tot hulle eie voordeel te boer en hulle het ook 'n klein kerkgeboutjie daar gebou. Die mense gebruik nou hul kerk om elke Saterdag ander in nood te voed.

"Mense kom uit elke gemeenskap," het Aurelio gesê. "Hulle luister na die Evangelie en hulle kan kos eet."

Danksy die sukses van hul werk in die stad, het die egpaar vier ander gemeenskappe besoek waar kerkplantings nie toelaatbaar was nie. In hierdie gebiede het hulle met programme begin om die kinders te voed en hul geletterdheid te verbeter deur die Bybel te lees.

"Baie kinders het gekom en die voedingsprogram het begin groei," het Ruth gesê. "Die kinders het hulle ouers begin bring."

Soos die programme uitgebrei het om beide kinders en volwassenes te help, het Ruth en Aurelio die programme hernoem na "Uitreikbasisse." Maar soos die basisse gegroei het, het hulle ongewenste aandag gelok.

Gevange Gehou

Een aand in Junie 2017 het Ruth en Aurelio hul trok met 500 Bybels gelaai, wat hulle en verskeie jongmense, insluitend hul 16-jarige seun, Gabriel, en 12-jarige dogter, Maria, by een van die Uitreikbasisse gaan uitdeel.

Na die verspreiding het Gabriel saam met 'n paar ander tieners op 'n bus huis toe gery, maar Maria moes by haar ouers bly. Ruth het gesê hulle het vol vreugde huis toe gery, met die wete dat honderde mense nou hul eie Bybel gehad het.

Omstreeks 5nm, net toe hulle drie amper tuis was, het 'n vragmotor voor hulle inbeweeg en skielik tot stilstand gekom. Toe het 'n motor langs hulle stilgehou sodat hulle nie om die vragmotor kon ry nie. Ruth en Aurelio het besef dat hulle in die moeilikheid is.

Ses gemaskerde mans met outomatiese gewere het uit die voertuie geklim en een van hulle het Aurelio se deur oopgemaak. "Ons weet wie jy is," het die man gesê. "Jy is op ons lys. Ons weet wat jy doen en jy sal vandag doodgaan."

Vier van die gewapende mans het Aurelio uit sy trok gesleep en hom met die kolwe van hulle gewere geslaan voordat hulle hom in die straat met 'n bloeiende kopwond gelos het. "Hulle het my so baie keer in die gesig geslaan dat ek niks kon voel nie," het Aurelio gesê.

Nog 'n gewapende man het in die egpaar se trok geklim en met Ruth

en Maria binne-in, weggery. Toe die bestuurder oomblikke later stadiger ry om oor 'n spoedhobbel te gaan, het Ruth die deur oopgemaak en uitgespring en Maria agterna getrek.

Hulle het begin hardloop, maar die gewapende man en sy vriende, wat in hul eie voertuie gevolg het, het hulle gou ingehaal. Die mans het Ruth en Maria se hande agter hul rûe vasgebind en in hul eie trok gegooi.

Toe Ruth op die agtersitplek regop sit, het sy gesien hoe Aurelio langs haar inmekaar sak. Sy het eers gedink hy is dood, maar hy het gou weer sy bewussyn herwin. Aurelio se hande was met bloed bedek, wat hy aan die motorruit gevee het in die hoop om 'n verbyganger te waarsku.

"Op daardie oomblik het ek gedink: 'Ek moet sterk wees vir Maria,'" onthou Ruth. "Ek het gesê: 'Here, ek het U nodig. Gee my krag. Gee my die krag wat net van U af kan kom.'"

Ruth het gesê 'n gevoel van vrede het oor haar gekom soos die voertuie gestop het en die gewapende mans die gesin uit die trok gesleep het. Met die son wat net begin sak het, het drie van die mans hulle teen 'n heuwel afgestamp. Ruth het gesê sy het gedink dit is die einde vir haar en haar gesin.

Aan die onderkant van die heuwel, 'n area met vullis en gebreekte glas bedek, het die gewapende mans die gesin gedwing om kaalvoet in die bos in te loop waar hulle aangehou het om Aurelio te slaan. Na 'n rukkie het hulle petrol oor Ruth, Aurelio en Maria uitgegooi.

"Waarheen het jy die vrag geneem wat jy gehad het?" het een van die mans ernstig gevra. "Jy vat altyd bokse."

"Dit was Bybels, die Woord van God," het Ruth geantwoord.

"Watter plekke het jy besoek?" het 'n ander man gevra.

"Ons deel Bybels op baie plekke uit," het Ruth hom geantwoord. "Dit is ons werk – om Bybels te versprei. Dit is al wat ons doen. Ons verkoop dit nie. Ons maak nie geld nie. Ons neem dit vir mense sodat hulle dit kan lees."

"Julle moet ophou om dit te doen!" het een van die mans geskree.

"Ons moet dit doen," het Ruth geantwoord.

Die mans het weer vir Aurelio begin slaan totdat hy uiteindelik stil op die grond gelê het. Weereens was Ruth bang dat sy en haar familie op die punt was om vermoor te word. "Here, is dit U wil dat dinge so ver gaan met ons?" het sy stil gebid. "Sal U vir ons nog 'n geleentheid gee? Daar is so baie dinge wat ek nie klaargemaak het nie."

Terwyl sy aan haar eie dood gedink het, het Ruth gesê dat die beeld wat by haar opgekom het die was van die bokse Bybels wat nog in hulle pakhuis opgestapel is. Hulle het pas 'n nuwe versending Bybels ontvang en het 'n lys met name gehad van wie dit sou ontvang. Ruth het aangehou bid en God gevra om haar en haar gesin toe te laat om bevry te word sodat hulle die Bybels by mense kan aflewer wat dit nodig gehad het.

Na middernag kon Ruth nie sê of Aurelio dood of lewend was nie. Maar terwyl sy getreur het oor alles wat daardie nag gebeur het, het sy weer God se teenwoordigheid gevoel. "Ek het Hom hoor sê: 'Jy sal nie sterf nie; jy sal lewe en jy sal van My heerlikheid vertel," het Ruth gesê. "Ek het dit gehoor asof iemand dit hier in my oor kom sê het. Op daardie oomblik het ek 'n onverklaarbare gevoel van vrede gehad. Ek het nie meer alleen gevoel nie. Ek het iets gevoel. Krag het oor my gekom."

Skielik het een van die ontvoerders 'n geweer teen Ruth se kop gedruk. Hy het die sneller getrek, maar niks het gebeur nie. Sy geweer het vasgehaak. Gefrustreerd het hy probeer om 'n vuurhoutjie aan te steek om die gesin se petrol-deurweekte klere aan die brand te steek. Die vuurhoutjies wou nie vlam vat nie.

"Wat gaan aan?" skree die man. "Ons moet die werk klaarmaak!" Die gewapende mans het toe van die familie af weggestap om te praat.

"Hoekom kan ons hulle nie doodmaak nie?" het Ruth een van die mans hoor vra.

"Die baas gaan baie kwaad wees vir ons as ons hulle nie doodmaak nie," het 'n ander man gesê. "As ons nie hierdie werk klaarmaak nie, gaan hy ons doodmaak."

Omstreeks 1vm het die mans besluit om weg te gaan. Hulle het vir Ruth en haar gesin gesê om hulle oë toe te hou totdat hulle nie meer kan hoor hoe hul trok wegry nie. Hulle het hulle ook gewaarsku om vir niemand te sê wat gebeur het nie.

"Ons weet waar julle woon," het een gewapende man gesê. "Ons weet wie julle is. Ons weet alles en ons gaan naby wees om julle dop te hou as julle die polisie vertel."

Die aanvallers het Aurelio en Ruth se selfone asook hul trok gesteel en weggejaag. Ruth het haar hande losgemaak en, nadat Aurelio sy bewussyn herwin het, haar man en Maria gehelp om teen die heuwel op terug te stap. Nadat hulle dit tot by die pad gemaak het, het hulle uiteindelik hulp gekry.

'n Tyd van Genesing

By die hospitaal het Aurelio steke gekry aan sy kopwond en Ruth is vir snye aan haar voete behandel wat deur glasskerwe veroorsaak is. Die hele gesin het ook hulp ontvang om die trauma wat hulle daardie nag ervaar het, te verwerk

Ruth en Aurelio weet nie wie hulle ontvoer het nie, maar hulle vermoed dat die óf guerrillas óf lede van 'n dwelmkartel was; albei het 'n geskiedenis van vervolging van Christene.

In sommige dele van Mexiko probeer hierdie groepe om die verspreiding van die Evangelie te keer, want dit is moeiliker om diegene wat hulle geloof in Christus plaas vir dwelmhandel en prostitusie te werf. "Daar is baie vrae waarop ons nie antwoorde het nie," het Aurelio gesê. "Ons weet dat God ons met Sy genade gered het en dit is die moeite werd om hierdie risiko's vir die Evangelie te neem."

Aurelio het gesê dat hy, Ruth en 'n paar ander wat saam met hulle werk deel is van 'n kwynende aantal Christene wat steeds in gebiede werk waar gewapende groepe aktief is. "Baie pastors het gestop om hierdie plekke te besoek," het hy gesê. "As ons nie soontoe gaan nie ... gaan die dorpie na die Zapatistas."

Na hul beproewing met die gewapende mans het die gesin na 'n ander deel van Mexiko gereis waar hulle in staat was om te rus en tyd saam deur te bring. 'n Paar maande later het SVM vir Ruth en Aurelio genooi na 'n jaarlikse pastorskonferensie in Colombië vir paartjies wat in Colombië se "rooi sones" bedien, gebiede wat deur guerrillas of paramilitêre groepe beheer word. Die konferensie bied 'n blaaskans van die spanning en gevaar van hul werk asook samesyn met ander wat geweld of ander vervolging weens hulle Christelike getuienis trotseer het.

Ruth het gesê die konferensie het haar en Aurelio gehelp om van die trauma van hul ontvoering te herstel. "Ons het mense ontmoet wat deur dieselfde soort voorvalle was," het sy gesê. "Hulle het ons bemoedig, maar ons het hulle ook bemoedig."

SVM het aangebied om Ruth en Aurelio te help om te verhuis ter wille van hul gesin se veiligheid, maar Ruth het gesê sy kan nie die boodskap vergeet wat God vir haar tydens die aanval gegee het nie: "Jy sal nie sterf nie. Jy sal lewe en



jy sal van My heerlikheid vertel.” Nadat hulle daaroor gebid het, het hulle besluit om in die suide van Mexiko te bly.

“Die Here het my daar geplaas,” het Ruth gesê. “Ek was nie van plan om weg te hardloop nie. Dit was ‘n stryd wat ons moes deurmaak. God sou dit op Sy manier doen. Ons het besluit God wil nie hê ons moet daardie plek verlaat nie.”

Aurelio het sy vrou se verbintenis gedeel. “Ons gaan nou dubbel preek,” het hy destyds vir Ruth gesê.

Sit die Sending voort

Sedert hul ontvoering deur die gewapende mans agt jaar gelede het Ruth en Aurelio se bediening dramaties gegroei. Deur ‘n netwerk van vrywillige werkers, kon hulle meer as 500 kerke plant en byna 50 Uitreikbasisse stig wat drie inheemse volksgroepe bereik het.

Vrywilligers het deur die Uitreikbasisse Bybelstudies aangebied, kinderaktiwiteite voorsien en kos uitgedeel. Alhoewel die basisse beide kinders en volwassenes bedien, bly kinders ‘n primêre fokus. Meer as 5,000 jeug hoor elke Saterdag die Evangelie en leer uit die Bybel.

“As ‘n kind na die Uitreikbasis kom, het hulle reeds magtiging van hul ouers,” het Ruth gesê. “Daar is ‘n 90% kans dat die hele gesin Christus gaan aanneem. Daardie kinders het ‘n plek waar hulle kan sê ‘My ma is siek’ of ‘Iets het met my gebeur’ en daar word vir hulle gebid en God doen wonderwerke en hulle kan dit sien.”

Werkers deel ook SVM se Kersfees-Omgeepakke by die Uitreikbasisse uit.

Die pakke bevat ‘n Kinderbybel, ‘n waterbottel, skoolbenodighede en ander noodsaaklikhede. “Die ouers raak opgewonde, maar die kinders raak super opgewonde,” het Ruth gesê. “Dit is ‘n baie groot geskenk.”

Ruth en Aurelio het in onlangse jare sewe tydelike skuilings op hulle grond gebou vir diegene wat weens hul Christelike geloof uit hul huise ontwortel is of uit hul dorpe verban is. Die Gelowiges wat in die skuilings bly, ontvang Bybelonderrig en opleiding in werksvaardighede.

Die enigste blywende simptoom wat Aurelio vandag weens die kopbesering het wat hy in die aanval opgedoen het, is soms ‘n kortstondige verlies van sig in die een oog. Andersins het hy heeltemal herstel.

Die gesin gaan voort om egter die trauma op emosionele vlak te verwerk. Ruth raak steeds angsbevange wanneer ‘n voertuig voor hul vragmotor inbeweeg. Sy en Aurelio het ook ‘n paar van hul werksgewoontes verander weens die aanval, soos om die roetes en tye van hul reise te verander om merkbare patrone te vermy. Daarbenewens het hulle ander Christene aangestel om verskillende aspekte van die bediening te lei.

“Ons het besef dat indien ons lewens daardie dag sou eindig, niemand sou weet waar die Bybels versprei moes word nie,” het Ruth gesê. “Indien ons om een of ander rede nie hier sal wees nie, sal mense weet hoe om die bediening voort te sit.”

Wanneer hulle oor hul deurlopende werk in suidelike Mexiko besin, het Ruth gevra dat mense vir hulle groei in geloof sal bid. “Bid dat ons op meer plekke kan kom,” het sy gesê. “Die Uitreikbasisse werk en ons het meer nodig. Ons het God nodig om in hierdie plekke in te kan gaan. Hy sal vir ons die gereedskap gee wat ons benodig om in hierdie plekke te werk.”

God het reeds groot suksesse aan hul bediening geskenk, maar Ruth en Aurelio weet hulle kan weer aangeval word. “Ek weet hulle soek ons,” het Ruth gesê. “Ons is in hul visier. Ons het nie gestop nie. Ons sal voortgaan. Wat ook al God ons vra om te doen, sal ons doen.”

Benewens die Uitreikbasisse en skuilings vir ontwortelde Christene, is Bybelverspreiding ‘n ander aspek van hul bediening wat dramaties gegroei het. Ruth en Aurelio ontvang nou baie groter besendings Bybels wat in ‘n strategies geleë pakhuis geberg moet word. Die Bybels word in vyf tale gedruk, insluitend inheemse dialekte.

Deur hul netwerk van kerke, versamel Ruth name van Gelowiges wat nie ‘n Bybel besit nie en ‘n bedieningspan is in beheer van die verspreiding daarvan. Daarbenewens werk Ruth steeds saam met haar pa, wat steeds na verskeie kerke omsien, om te verseker dat elke Gelowige sy of haar eie kopie van God se Woord het.

“God is so goed,” het Ruth met ‘n glimlag gesê. “Hy het my geroep en bring vir my al die hulpbronne om die bediening te doen. Dit was dikwels ‘n moeilike proses, maar God versterk my altyd. God is die een wat dit doen. Kinders se lewens was getransformeer en daardeur het die ouers se lewens verander – alles tot eer van Jesus.” ■





◀ Links bo: Ruth bid saam met ‘n groep Christene by ‘n kerk in die suide van Mexiko. Links: Ten spyte van die potensiële gevare, sit Ruth en Aurelio die bedieningswerk voort waartoe God hulle geroep het in die streek.

BREEK
die Stilte

Een egpaar se getroue getuienis in 'n streek van Mexiko waar hulle lewensbestaan – en lewens – bedreig is.

Mateo en Elena het in 2020 'n onsigbare grens oorgesteek toe hulle hul gesin na sentraal-Mexiko verhuis het om kerke te plant. Omvattend met 115 provinsies in 8 state, is die streek *"Circle of Silence"* gedoop omdat minder as 1% van sy inwoners as Bybelse volgelinge van Christus identifiseer..

Sentraal-Mexiko is ryk aan nywerheid en voor-Colombiaanse geskiedenis. Maar ten spyte van sy reputasie as 'n verwelkomende plek vir besigheid en toerisme, word nie almal daar hartlik verwelkom nie.

"Mense verloor hul erfporsie; mense word aangeval," het 'n kerkplanter wat vir meer as twee dekades in die streek gewerk het, gesê. "Gewoonlik is dit die naaste familielede wat Bybelse Christene die moeilikste tyd gee. Ons het mense gehad wat die Christene se water afsny of soortgelyke dinge doen om hulle skrik op die lyf te jaag."

Christenwerkers soos Mateo en Elena sukkel om selfs in die basiese behoeftes van hul gesinne te voorsien. Toe hulle die eerste keer na die streek verhuis het, kon hulle niemand vind wat aan hulle 'n huis sou verhuur nie en Mateo het gesukkel om werk te kry.

"Ek het geweet daar is werk om te doen," het hy gesê, "maar hulle wou nie vir my die geleentheid gun nie. Ek het gebid: 'God, ek strewe om U wil te doen, maar U weet dat ek hierdie werk benodig om my gesin te onderhou.'"

Twee weke later is hy 'n onderwyspos by 'n universiteit aangebied.

Toe die woord versprei het dat Mateo 'n Christen was, het universiteit administrateurs egter na 'n rede begin soek om hom in die pad te steek. Hulle het sy Facebook-blad, e-pos en bankrekening gekraak en binne 'n jaar het die universiteit hom afgedank.

Elena is ook gedreig nadat sy probeer het om Bybelse raad aan 'n vriend te gee. Die vriend, 'n vrou met die naam Linda, het dikwels haar probleme met Elena bespreek, so Elena het Skrifgedeeltes vir haar voorgelees wat haar probleme aangespreek het.

Soos Linda voortgegaan het om vrae te vra en Elena se lewe te aanskou, het sy besluit om die godsdienstige afgode en



"Dit is jou eerste waarskuwing: Jy kan nie preek nie, nie jy of jou vrou nie."

beelde in haar huis te verbrand. "Ek sal net die Woord van God gehoorsaam," het Linda vir Elena gesê. Maar toe Linda se dogter, Karina, verneem dat haar ma die afgode verbrand het, het sy Elena verbaal begin aanval, beide by die huis en in die openbaar, en met vloeke en dreigemente op haar geskreeu.

Elena het getrou vir Karina gebid en die twee het intussen vriende geword. Maar nie alles in hul verhouding was geseën met daardie soort transformasie nie. Mateo en Elena het deur 'n vriend uitgevind dat 'n plaaslike priester sy gemeentelede opdrag gegee het om die egpaar te "versorg" vanweë die Evangelieboodskap wat hulle verkondig het, 'n dekmantel om hulle te teister ... of erger.

Omtrent dieselfde tyd het 'n buurman wat heksery beoefen het en 'n Bybelstudie saam met die egpaar bygewoon het, hul bankrekening gekraak. Daarbenewens, het die buurman hulle probeer vervloek en hul huwelik probeer vernietig, hy het selfs kerse gebrand en bloed voor hul deur gesprei.

Mateo en Elena se 5-jarige dogter, Sara, was ook nie immuun teen die vervolging nie. Sy is in die openbaar deur haar onderwyser haar verneder en klasmaats het haar vermy weens die familie se geloof in Christus.

Toe, in Desember 2022, het dinge selfs erger begin raak. Net twee maande voordat SVM-werkers met die egpaar ontmoet het, het Mateo en Elena 'n briefie by hul voordeur gevind wat lees: "Dit is jou eerste waarskuwing: Jy kan nie preek nie, nie jy of jou vrou nie." Die brief is onderteken met 'n skedel en kruisbene.

Die volgende dag is al die bande op Mateo en Elena se voertuie gesny. En drie dae later is die bande weer gesny. Nadat hulle 'n sekuriteitskamera geïnstalleer het, het 'n man Elena gewaarsku om die kamera te verwyder. "Hy was baie aggressief en gedreig dat hy nie grappies maak nie," onthou Mateo.

Drie weke later, tydens 'n gebedsbyeenkoms in hul huis, het twee mans op motorfietse buite hulle gebou stilgehou en hul enjins se revolusies opgejaag. "Ek wou sien wat gebeur of wat hulle wou hê," het Mateo gesê. "Maar die Here het gesê: 'Wees kalm. Hou aan bid.' So ek het gefokus op gebed."

"Ons het regtig die geestelike onderdrukking in die plek gevoel," het Elena gesê terwyl sy nadink oor die voorval.

Terwyl die geraas voortgeduur het, het 'n buurvrou gebel en gehuil. Sy het vir Elena gesê dat sy en haar kinders onder haar bed weggekruip het omdat die mans gewere op hulle huis gerig het.

Toe Mateo en Elena klaar gebid het, het hulle gaan slaap. Mateo het gesê hy het gedink die mans sou hulle doodmaak.

"Ek was bevrees vir my dogters," het Elena gesê.

Hulle het dit oorweeg om die stad te verlaat, maar deur 'n vriend se bemoediging het hulle besluit om daar te bly en voort te gaan om die Evangelie aan hulle bure te verkondig. "Dit is in sulke tye dat ons voel asof God vir ons sê: 'Moenie bekommerd wees nie, Ek is met jou," het Mateo gesê.



▲ Mexiko se *"Circle of Silence"* het 'n sterk kultuur van Christo-heidendom, 'n sinkretistiese mengsel van antieke heidense praktyke en Rooms-Katolisisme.

Mateo het uiteindelik 'n nuwe werk gekry wat hom in staat stel om 'n invloed te hê op gesinne en jeug in die gemeenskap. Hy is steeds onder die loep vir sy geloof, maar hy het die geleentheid aangegryp om die liefde van Christus te verkondig. "Ek weet hulle hou my dop, of ek een of ander fout maak, om my af te dank," het Mateo gesê. "Maar God skenk baie genade aan my, so op daardie manier kan ek 'n lig tussen hierdie families wees."

Alhoewel die enorme druk soms tot moedeloosheid lei, hou Mateo en Elena hul oë gevestig op Christus terwyl hulle 'n groep van 15 Gelowiges lei. "My gebedsversoek is dat God ons sal beskerm en dat ons geleentheid sal kry om daardie mense te bereik," het Elena gesê. "So bid asseblief vir beskerming, want ons wil nie hierdie dorp verlaat nie." ■



Hemelse Vader,

Dankie dat U ons oë oopmaak vir die vervolging van ons Christelike familielede in Mexiko. Ons gee alle eer en lof aan U vir die bevordering van U koninkryk in hierdie moeilike streek. Baie dankie dat menigte wat eens afgode aanbid het, nuwe lewe in Christus gevind het deur die getroue getuienis van ons Mexikaanse broers en susters.

Mag U Seun se stralende lig die duisternis verlig en 'n menigte na U trek terwyl hierdie dapper getuies onsigbare grense oorsteek in die vyand se gebied in. Mag hulle bewus wees van U regverdige regterhand wat hulle onderhou wanneer hulle teëstand en vervolging trotseer en mag hulle U oorvloedige voorsiening in elke behoefte ervaar. Ons bid dat hulle van vreugde sal oorloop en dat U Woord hulle besluit sal versterk.

Mag U Evangelie elke vierkante kilometer van Mexiko deurdring deur hulle getroue getuienis. Help ons, wanneer ons nadink oor hul getrouheid, om ons te verbind om Christus met vrymoedigheid binne ons kring van invloed te verkondig.

Amen.

Gebedsdagboek

Oktober/November 2023

	OKTOBER		
S	**15**	**INDONESIË**	**Bid dat Frontlinie-Werkers maniere sal vind om diegene in afgeleë gebiede van Bybels te voorsien.**
M	16	IRAK	Bid dat die Heilige Gees voortdurend Moslems na Christus sal lei.
D	17	MAROKKO	Bid vir die liggaam van Christus wat Johannes 17:20-26 as riglyn gebruik.
W	18	AFGANISTAN	Bid vir Afgaanse Christene wat na ander nabygeleë beperkte nasies verplaas is.
D	19	KUBA	Bid dat elke Kubaanse Gelowige vanjaar sy of haar eie kopie van die Bybel sal hê.
V	20	BANGLADESJ	Bid vir Christene wat leer hoe om na hulle Moslembure uit te reik.
S	**21**	**INDIË**	**Bid dat Christene moedig sal bly in hulle geloof te midde van familie- en regeringsteenstand.**
S	**22**	**DJIBOETI**	**Bid dat God meer arbeiders vir die oes sal opwek.**
M	23	TURKMENISTAN	Bid vir evangeliste wat kreatiewe maniere soek om die Evangelie aan Moslems te verkondig.
D	24	LIBIË	Bid dat die regering se pogings om kerke te sluit en te sloop sal misluk.
W	25	JEMEN	Bid vir Frontlinie-Werkers wat gebly het om 'n Christelike getuienis tydens die burgeroorlog te handhaaf.
D	26	JORDANIË	Bid vir God se voorsiening vir die Christene wat hulle werke, reputasies en eiendom verloor het.
V	27	MOSAMBIEK	Bid vir Christene wat alles in onlangse Islamitiese aanvalle verloor het.
S	**28**	**LIBANON**	**Bid dat nuwe regeringsleiers kerke as 'n lig in hulle gemeenskappe sal aanskou.**
S	**29**	**OESBEKISTAN**	**Bid vir die verspreiding van die Evangelie ondanks 'n toename in Islamitiese fundamentalisme.**
M	30	SOMALIË	Bid vir die beskerming van evangeliste wat hulle lewens waag om in die land te werk.
D	31	SOEDAN	Bid dat nuwe Gelowiges stewig in hul geloof gegrond sal wees terwyl hulle leer om dissipels te word.
	NOVEMBER		
W	1	LIBANON	Bid vir die terugkeer van kerkleiers wat die land weens ekonomiese onstabiliteit verlaat het.
D	2	MAROKKO	Bid vir die sukses van Bybelsmokkelary bedrywighede.
V	3	JORDANIË	Bid dat kerkleiers sal verenig om groot getalle vlugtelinge te bedien.
S	**4**	**KAMEROEN**	**Bid dat God in die behoeftes van Christene sal voorsien wie se dorpe deur Boko Haram vernietig is.**
S	**5**	**BAHREIN**	**Bid dat nuwe Christene in God se Woord gegrond sal word en standvastig sal wees te midde van vervolging.**
M	6	MOSAMBIEK	Bid vir die bemoediging van diegene wat aan ontwortelde en getraumatiseerde Christene bedien.
D	7	INDONESIË	Bid voortdurend vir lidmate van die Hati Yesus Maha Kudus Church wat in 2021 op Palmsondag aangeval is.
W	8	SIRIË	Bid vir pastors wat 1 Petrus 5:1-4 as 'n riglyn gebruik.
D	9	KOEWEIT	Bid dat meer evangeliste kreatiewe maniere sal vind om Koeweitse mense te bereik.
V	10	TADJIKISTAN	Bid vir Christene in die noordooste wat deur 'n radikale vorm van Islam gedomineer word.
S	**11**	**VIËTNAM**	**Bid dat diegene wat deur voorvaderaanbidding verblind word, die waarheid van die Skrif sal sien.**
S	**12**	**NEPAL**	**Bid dat die regering sy onderdrukking oor diegene wat tot Christendom bekeer sal staak.**
M	13	KENIA	Bid vir Christenweduwees en -weeskinders wat van Islamitiese aanvalle herstel.
D	14	SAOEDI-ARABIË	Bid dat Christene wat deur hulle familie vervolg word, met die familie van God sal verbind.
W	15	EGIPTE	Bid dat Kinderbybels onder ywerige lesers versprei sal word.
D	16	NOORD-KOREA	Bid dat regeringspogings om Christelike radio-uitsendings te onderbreek, sal misluk.
V	17	MAURITANIË	Bid dat God meer Christenwerkers sal uitstuur om in die land te woon en die Evangelie te verkondig.
S	**18**	**LAOS**	**Bid dat Christene te midde van lyding en verlies getrou sal bly.**

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

**Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson**

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.